

# **VERSLAGBOEK**

**VAN DIE DRIE EN NEGENTIGSTE VERGADERING VAN DIE**

# **SINODE**

**VAN DIE**

**NEDERDUIITSE GEREFORMEERDE KERK  
IN KWAZULU-NATAL**

**GEHOU TE PIETERMARITZBURG**

**3 – 5 JUNIE 2008**





## INHOUDSOPGAWE

Voorwoord .....	2	tot 50.9.2.5 .....	13
Visie .....	3	10.27 (7.1.28) Bepaling 56.1 .....	13
Deel 1 – Fokus op God .....	4	10.28 (7.1.29) Bepaling 57.5 .....	13
1. Deurlopende Liturgië .....	4	10.29 (7.1.30) Bepaling 65.1 .....	13
2. God en die Kerk .....	4	10.30 Eerste verslag van die Tydelike Regskommissie .....	13
Deel 2 – Fokus op die Kerk .....	6	10.30.1 Bepaling 37.8 .....	13
1. Verwelkoming en Konstituering.....	6	10.30.2 Bepaling 37.10 .....	13
2. Reëlins van Sinode .....	6	10.30.3 Reglement van Orde .....	14
3. Struktuur / Stelselontwikkeling .....	6	10.30.4 Dekkende besluite .....	14
4. Kerkhereniging en Belhar Belydenis .....	8	11. Registers .....	14
5. Konteksanalise: Intern .....	8	12. Pensioenfonds .....	15
6. A-Z Beleid .....	8	13. Stelsel: Sinodale Bydraes .....	15
7. Effek van Rasionalisasie en Regstellende Aksie in Gemeente en Huisgesinne .....	8	14. Hulp aan gemeentes .....	15
8. Kategese .....	9	15. Rentmeesterskap .....	15
9. KZN CMD – Diakonaat .....	9	16. Verkiesings .....	15
10. Bepalinge Lêer .....	9	16.1 Moderatuur .....	16
10.1 (7.1.3) Bepaling 7.1 .....	9	16.2 Taakspanne en verteenwoordigers (T5.1) .....	17
10.2 (7.1.4) Bepaling 7.3.6 .....	10	16.3 Afgevaardigdes na Algemene Sinode .....	19
10.3 (7.1.5) Bepaling 7.5.1 .....	10	16.4 Teologiese Fakulteite – Kuratoria en Eksamenkommissies .....	20
10.4 (7.1.6) Bepaling 8.1 .....	10	16.5 Ringsverteenwoordigers op CMD Beheerraad .....	20
10.5 (7.1.7) Bepaling 8.2 .....	10	Deel 3 – Fokus op die Konteks .....	22
10.6 (7.1.8) Bepaling 11.1 .....	10	17. Konteksanalise: Ekstern .....	22
10.7 (7.1.9) Bepaling 13.1 .....	10	18. Bybelgenootskap .....	22
10.8 (7.1.10) Bepaling 13.2.2 .....	11	19. Grondhervorming .....	22
10.9 (7.1.11) Bepaling 13.3 .....	11	20. Misdaad en geweld .....	23
10.10 (7.1.12) Bepaling 15.1 .....	11	21. Interkulturele bediening .....	23
10.11 (7.1.13) (Huidige) Bepaling 15.5 .....	11	22. MIV & VIGS .....	23
10.12 (7.1.13.2) Gespreksvraag .....	11	23. KZN Outreach .....	23
10.13 (7.1.14) Bepaling 27.1.1 .....	11	24. Apostoliese Bedieningsmodel ....	24
10.14 (7.1.15) Bepaling 28.1.1 .....	11	25. Sendingsubsidies .....	24
10.15 (7.1.16) Bepaling 28.5.2.3 .....	11	26. Hospitaalbediening .....	24
10.16 (7.1.17) Bepaling 28.6 .....	11	Deel 4 – Fokus op die Toekoms .....	25
10.17 (7.1.18) Bepaling 28.7.3 .....	12	27. Gesprek oor die toekoms .....	25
10.18 (7.1.19) Bepaling 30.2 .....	12	28. Afsluitingsliturgie .....	25
10.19 (7.1.20) Bepaling 30.2.3 en 33.1.3 .....	12	Bylae 1 – Sakeregister .....	26
10.20 (7.1.21) Bepaling 31.9 .....	12	Bylae 2 - Verslag van die Sinodale Regte-span insake Konstituering .....	27
10.21 (7.1.22) Bepaling 31.10 .....	12	1 Konstitueringsverslag .....	27
10.22 (7.1.23) Bepaling 31.11 .....	12	2 Teenwoordige Afgevaardigdes ....	27
10.23 (7.1.24) Bepaling 34.1.5 .....	12	3 Laat registrasie .....	30
10.24 (7.1.25) Bepaling 37.5.6 .....	12	4 Verskonings .....	30
10.25 (7.1.26) Bepaling 50.4.2 en 50.4.3 .....	12	Bylae 3 – Openingsliturgie .....	31
10.26 (7.1.27) Bepaling 50.9.1			



## VOORWOORD

Die Ontwerpspan van die Sinodevergadering van die NG Kerk in KZN, 3 – 5 Junie 2008, het op die volgende waardes besluit vir die vergadering:

**Positiewe waardering** : Die Here is reeds op wonderlike maniere aan die werk in en deur die Gemeentes, Ringe en Sinodewerksaamhede van die NG Kerk in KZN. Tydens die Sinodevergadering neem ons met dankbaarheid kennis van dit wat die Here binne en deur die kerkverband doen. Ons vier hierdie dinge met mekaar voor God.

**Uitdaginggerig** : Die Koninkryk van God is die erns van die kerk. Die erkenning van die heerskappy van Jesus op alle terreine is die kerk se strewe. Ons, as kerk van Jesus, is daarom opgewonde ingestel op alle geleenthede wat bestaan om die koninkryk van God uit te brei. Hierdie geleenthede word die uitdagings vir die NG Kerk in KZN om, in die oorwinnende krag van die Heilige Gees, God se koninkryk te vestig. "Ons is tot alles in staat deur Hom wat ons krag gee" (Vgl Fil 4:13).

**Hoopskeppend** : Die kerk van Jesus Christus is die draers van die boodskap van hoop in Jesus Christus. In 'n omgewing waar wanhoop, bedruktheid en moedeloosheid dikwels die oorhand kry, wil ons die hoop in en van Jesus bring.

**Eenvoud** : Die Sinodevergadering wil alles wat sy doen op so 'n manier doen dat almal, met gemak, dit kan verstaan en verder dra. Wat verslaggewing, inrigting en vergaderingsprosedures aanbetref, is eenvoud die wagwoord.

Saam met bogenoemde waardes geld die **Luisterseisoenwaardes**, omdat ons ingestel bly daarop om na God, mekaar en ons konteks te luister:

**Leerbaarheid** : Ons luister na die Woord van God, onder leiding van die Heilige Gees. In ons is die gesindheid van *vrugbare grond*, sodat die Saad kan vrugdra.

**Vertroue** : In 'n gees van liefde luister ons na mekaar – en vertrou mekaar dat almal erns het met God, Sy Woord en Sy roeping vir ons. Ons aanvaar en bely dat die Heilige Gees werksaam is in elkeen van die afgevaardigdes en in die sinodale verband.

**Deernis** : In ons harte is die gesindheid van Jesus van omgee en ontferming vir mekaar en die konteks waarbinne ons leef. Jesus se teenwoordigheid in die wêreld spel immers deernis uit.

**Openheid** : Die Heilige Gees maak ons, met al ons gawes, diensbaar aan die wêreld. Soos 'n blom wat oopgegaan het, is ons oop om te dien. Ons is gerig op die uithoeke van die aarde, want God het ons die boodskap van die Bron van lewendende water, wat die dors van die hele wêreld kan les, toevertrou.

Die Ontwerpspan

**Praktiese reëlins**: sien Moderamen verslag punte 4.5 op bl 18 – 19.



- 3 -

NOTULE: SINODEVERGADERING 2008  
UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM! AAN GOD DIE EER!

---

## VISIE

(In lig van die roeping, asook Verklaring van 2003 Sinode)

Ons sien die NG Kerk in KZN binne vyf jaar as 'n  
*hegte familie* wat mekaar ken en mekaar bystaan om met Woord en daad  
Christus sigbaar te maak,  
wat erns maak met die *herenigingsproses*,  
wat saam met die *uitgebreide familie* van kerke werk aan een Christelike  
getuienis,  
wat betrokke is by die *uitdagings* van armoede, MIV/VIGS en misdaad.

## Ons belydenis vir hierdie vergadering

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM! AAN GOD DIE EER!  
ROM 11:36



## DEEL 1 – FOKUS OP GOD

### 1. DEURLOPENDE LITURGIË

#### 1.1 OPENINGSLITURGIE

##### 1.1.1 Die agt waardes waarvolgens die sinode ingerig word (Sakelys – bl 2).

Die Liturgiese Span lei die vergadering tot die bewustheid van die waardes waarvolgens die sinode ingerig word.

##### 1.1.2 Opening – Voorsitter

Die voorsitter spreek die hoop uit dat Hand 15:15 vir die vergadering waar sal wees, nl. "Die Heilige Gees en ons het besluit..." Dan sal ons aan die einde van die vergadering kan sê: "Aan Hom behoort die heerlijkheid."

Die agt waardes word uitgespel met die implikasies daarvan.

Die momente van konteks, toekoms en kerkwees moet altyd teenwoordig wees regdeur die vergadering.

Lees *capita selecta* uit Romeine. Fokus op Rom 11:33-36. Die doksologie van Paulus. Die fokus is op God.

1.1.3 **Tafelgroepe** beplan hoe die waardes regdeur die vergadering behou en toegepas kan word.

#### 1.2 FOKUS OP GOD

Jes 6:1-3: Kom onder die indruk van God se grootheid.

Jes 6:6 en 7: Aanvaar God se vergifnis en versoening en sê vir Hom dankie daarvoor.

Jes 6:8: As ek onder die indruk van God se grootheid en genade is, kan ek nie anders nie as om te sê: "Hier is ek! Stuur my!"

#### 1.3 INGENOOI DEUR GOD (Volgens die Luistersiklus)

Jes 6:11-13: Die noem van 'n oorblyfsel is 'n aanduiding van Hoop.

Ps 137:1-9: Vraag: Is die kerk in ballingskap? Ons luister na mekaar oor ons belewenis van ons konteks.

#### 1.4 DINK AAN ANDER

Kerkraadslede bid aan die tafels vir die leraars.

#### 1.5 FOKUS OP DIE WÊRELD

Ons hoor die nood om ons, sien God se grootheid en ervaar die roeping om God in hierdie wêreld in te dra.

Stuur ons Here, ons sal gaan.

#### 1.6 VOORBIDDING

Die boeregemeenskap en die hantering van grondeise word aan die Here opgedra, asook die hele gemeenskap wat die Here so broodnodig het.

#### 1.7 AFSLUITINGSLITURGIE

Prof. Malan Nel oor die evangelie van die Koninkryk:

Dit is die evangelie van die lewe. Dit gaan oor lewensherstel. Ook om lewensbehoud. Dit is vandag waar die lewe lê. Die enigste moontlike verstaanbaarmaking van hierdie goeie nuus is 'n gemeente wat dit glo en leef.

### 2. GOD EN DIE KERK -

(Prof. Malan Nel neem die leiding.)

Wie is ons en waar kom ons vandaan?

Tema: "Here, gebruik ons!"

Ons moet ons missionêre identiteit verstaan en doelbewus en doelgerig 'n missionêre identiteit kweek en word.

Waar kom ons vandaan? Dink aan die Skepping. Gen 1-3 is 'n belydenis. Ps 124:8. Ons kan "verbind" met 'n "O" spel. Dis die sentrum van ons belydenis. God se adres is die wêreld, nie die kerk nie.

Ons ken God, weet dat Hy ons gemaak het en het Hom innig lief. Dit is ons in KZN.

God kom in die kerk en deur die kerk in die wêreld. 'n Nie-missionêre kerk is daarom ontsaglik arm. Toe ons nog nie eers was nie, het God ons sy kinders gemaak, daarom het ons so baie om weg te gee.

Metafore:



- 1 Die wêreld is God se adres.
- 2 Die kerk is God se voertuig na die wêreld toe. Ons moet sorg dat hierdie voertuig padwaardig is. Die kruis is die kenteken op die enjinkap.
- 3 Die NG Gemeente is God se opsporingstasie in die wêreld. Kerke groei nie uit kerke nie. Moenie uit die swembad van die Titanic visvang nie, dit is nie missionêre denke nie. Ouderlinge en diakens moet goeie "*mechanics*" wees.

Hoe word die kerk 'n goeie voertuig:

- 1 Gemeente is 'n geloofsgemeenskap.
  - Ons is wat ons is uit genade alleen.
  - Hou met God rekening (deur geloof alleen).
  - 'n Gemeenskap wat soek na God se wil – Jes 58:1-10. (Geloof is om met God se wil, met God, rekening te hou.)
- 2 Gemeente is 'n belydende gemeenskap.
  - Wat God bekend maak vir Wie Hy werklik is (deur die Skrif alleen).
  - Wat bely wat hulle weet omdat hulle weet wat hulle bely.
  - Wat 'n publieke gemeenskap is.
- 3 Gemeente as 'n dienende gemeenskap.
  - Ons bely deur te dien. Ons het almal twee bekerings nodig: i) terug na God toe; ii) terug na die wêreld toe.
  - Ons verleen hulp en bring hoop. En onthou, die prys van dien is duur. 'n Gemeente kan net waar hy is 'n verskil maak.
  - Ons is missionêr geloofwaardig omdat ons kontekstueel relevant is. Net 5% van dominees het 'n vriend in die wêreld. Twee treë om uit die wêreld te tree: i) word 'n teologiestudent in 'n "*main line church*" en ii) word 'n predikant in 'n "*main line*" kerk.

'n Goeie vraag bly: 'Wat sal ons omgewing, dorp, gemeenskap mis as ons gemeente ophou bestaan?'



## DEEL 2 – FOKUS OP DIE KERK

Die numerering van die besluite stem ooreen met die Sakelys en besluite moet saam met die Sakelys en Verslagboek gelees word.

### 1. VERWELKOMING EN KONSTITUERING

1.1 Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges en verwys na die volgende sake rondom leraars in KZN:

- Ds. Chris Swart – onlangs in die huwelik getree.
- Ds. Gert Kok – in Bergville bevestig op 24 Mei 2008.
- Ds. Daantjie Wagenaar – Oorlede.
- Dr. Heinrich Theunissen – afsterwe van moeder.

Ds. Koos van Zyl bid vir families van ds. Wagenaar en dr. Theunissen.

1.2 Besoekers wat tydens die verloop van die vergadering verwag word, word verwelkom:

- Prof. Malan Nel.
- Prof. Nelis Niemand – Algemene Sinode.
- Mnr. Leon van Heerden – Bybelgenootskap.
- Ds. Hans Steyn en me Estelle Nagel – Bybel-Media.
- Dr. Flip du Toit – ATO en Tuks.
- Ds. Nico van Rensburg – Sinode Wes-Transvaal.
- Dr. Louis en Nita Dressel – CLF.
- Ds. Philip Sharp – Wesley Metodiste Kerk.
- Ds. Jaco van Sittert – Hervormde Kerk.

1.3 Praktiese Reëlins:

Ds. Ben van Dyk tref enkele praktiese reëlins ter wille van die verloop van die vergadering.

1.4 Konstituering:

Die verslag van die Tydelike Regskommissie insake presensie word aangeheg as Bylae 2.

1.5 Amptelike opening:

Die openingsrede van die voorsitter word aangeheg as Bylae 3.

### 2. REËLINGS VAN SINODE

(Verslag Moderamen, Punt 4.5. bl 18-21)

**2.1 (4.5.19) Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die gewysigde reëlins vir die Sinodevergadering goed.**

**Goedgekeur soos gewysig.**

### 3. STRUKTUUR/ STELSELONTWIKKELING

(Verslag Moderamen, Punt 3.3, bl 9-16)

Die gesprek oor struktuur / stelselontwikkeling is daarop gerig om die vennootskap tussen die sinode en gemeentes te bevorder.

**3.1 (3.3.6.2.2) Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die sinodale verband en gepaardgaande werksaamhede primêr kerkwees in KZN moet versterk by wyse van die bemagtiging van gemeentes.**

**Goedgekeur.**

**3.2 (3.3.6.2.3) Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat bemagtiging van gemeentes die hoeksteen is waarop verdere stelselontwikkelings moet bou.**

**Goedgekeur.**

**3.3 (3.3.6.4.4) Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende bemagtigende bedieninge goed as fokusareas vir die sinodale werksaamheid:**

**3.3.1 Visionêre Leiding.**

**3.3.2 Dienswerk soos ingedeel in gemeenskapsbedieninge en gemeentebedieninge.**

**3.3.3 Ondersteuning, waarby Regte inbegrepe is.**

**3.3.4 Spesialiswerkgroepe waar en wanneer benodig.**

**Goedgekeur.**



**3.4 (3.3.6.5.1) Aanbeveling:** Die Visionêre Leierspan word saamgestel uit 8 lede wat tydens die sinodevergadering uit afgevaardigdes verkies word: 1) – 4 Moderatuurslede. 2) – 4 ander lede met die nodige gawes.

Goedgekeur.

**3.5 (3.3.6.5.2) Aanbeveling:** Die Bedieningspan word saamgestel uit 6 lede waarvan 4 tydens die sinodevergadering uit afgevaardigdes verkies word: 1) gemeenskapsbediening: 1 PSD en 2 verkose lede met die nodige gawes. 2) gemeentebediening: 1 PSD en 2 verkose lede met die nodige gawes.

Goedgekeur.

**3.6 (3.3.6.5.3) Aanbeveling:** Die Regte-span word saamgestel uit die Aktuaris en 4 kundige lede wat tydens die sinodevergadering uit afgevaardigdes verkies word.

Goedgekeur.

**3.7 (3.3.6.5.4) Aanbeveling:** Vir die Ondersteuningspan word 5 kundiges verkies. Hulle hoef nie noodwendig afgevaardigdes na die sinodesitting te wees nie.

Goedgekeur soos geamendeer.

**3.8 (3.3.6.5.6) Aanbeveling:** Die Sinodevergadering keur die bestaan en funksie van 'n uitgebreide Moderamen goed.

Goedgekeur.

**3.9 (3.3.6.5.7) Aanbeveling:** Die Sinodevergadering keur goed dat die Moderamen soos volg saamgestel word:

1) Lede van die sinodale bedieningspanne (8+6+5=19), die inligtingsbeampte, die finansiële kundige amptenaar, 'n tweede lid uit die Regspan. Totaal = 22.

2) 2 lede deur elke ring aangewys ongeag of ander lede van 'n betrokke ring vanweë 1) reeds

deel van die vergadering is. Totaal = 16.

3) 4 kerkraadslede wat nie leraars is nie, deur die sinodesitting aangewys.

Goedgekeur.

**3.10 (3.3.6.6.2) Aanbeveling:** Die Sinodevergadering kies 'n Taakspan vir Stelsels van drie lede om die verdere ontwikkeling en verfyning van die voorgestelde stelsel in samewerking met die bedieningspanne te begelei en 'n verslag met verdere aanbevelings aan die Moderamen voor te lê vir goedkeuring en implementering.

Goedgekeur.

**3.10.1 Voorstel 1:**

Voorsteller: BJ van Dyk

Sekondant: RB van Aarde

TAAKSPAN VIR STELSEL-  
ONTWIKKELING

Die Sinodevergadering wys die volgende persone aan op die Taakspan vir Stelsels:

Primariuslede:

Dr. H Theunissen

Ds. FJ van der Merwe

Dr. B Tolmay

Sekundi:

Ds. PJ Raath

Dr. LG Schoeman

Ds. PJ Meyer

Mnr CHJ van Dam

Motivering:

Hierdie voorstel word ingedien namens die ou Taakspan vir Stelselontwikkeling. Die laaste vergadering van die ou Taakspan het besluit dat dit ter wille van kontinuïteit belangrik is om lede van die ou Taakspan weer aan te wys op die nuwe Taakspan en het besluit om bogenoemde lede voor te stel.

Goedgekeur.

**3.10.2 Voorstel 6:**





**Voorsteller: FJ van der Merwe**

**Sekondant: LG Schoeman**

AFVAARDIGING NA ALGEMENE  
SINODE:

Die Sinodevergadering besluit om die afvaardiging na die Algemene Sinode soos volg saam te stel:

- 4 verkose Moderatuurslede (4)
- 4 Kerkraadslede (en 4 sekundi kerkraadslede) deur die sinodevergadering verkies (4)
- Elke Ring wys 1 leraar en 1 kerkraadslid, met sekundus vir elk, aan (16)
- Die Sinode kies nog 4 afgevaardigdes met sekundi. Die Moderamen besluit oor hoeveel van hierdie 4 afgevaardigdes kan gaan in die lig van Art 38.2.2.

Goedgekeur.

3.11 (3.3.8) Gespreksvraag: Hoe kan die Sinode gemeentes bemagtig om binne die konteks die evangelie in KZN te dra en te doen?

#### 4. KERKHERENIGING EN BELHAR BELYDENIS

(Verslag Moderamen, Punt 4.3.3, Bl 17-18)

4.1 (4.3.3) Gespreksvraag: Hoe kan die Sinode Gemeentes en Ringe help om kerkhereniging op plaaslike vlak sigbaar te maak?

4.2 Voorstel 7:  
Voorsteller: F van der Merwe  
Sekondant: L Schoeman

Die Sinodevergadering gee opdrag aan die Moderamen om die volgende Sinodevergadering te bepaal vir nie later as Desember 2012 nie.

Goedgekeur.

#### 5. KONTEKSANALISE: INTERN

(Verslag SBK, Punt 3.3.3, Bl 59-60)

5.1 (3.3.3.3) Gespreksvraag 1: Die bedieningsstelsel binne die NG Kerk is ongelukkig so dat ryker gemeentes vir hulself 'n goeie predikantsbediening kan koop (die salaris van 'n predikant), terwyl armer gemeentes dit nie kan bekostig nie. In so 'n stelsel gaan dit dus nie oor die bedieningsbehoefte van 'n gemeente nie, maar oor die bekostigbaarheid van 'n predikantspos. Die vraag ontstaan of dit nie tyd geword het dat die NG Kerk in KZN die vergoeding van predikante vanuit 'n sentrale (sinodale) bedieningsfonds moet oorweeg nie. Nog 'n moontlikheid is om ander leiers in die gemeente sodanig op te lei dat hulle die geestelike versorging en bedieningsbehoefte van die gemeente kan behartig. Vraag: Watter moontlikhede is daar om die bogenoemde bedieningsprobleem op 'n Bybelse en praktiese wyse aan te spreek?

#### 6. A-Z BELEID

(Verslag SBK, Punt 5.2, Bl 66-73)

6.1 (5.2.2.2) Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om die A-Z Beleid, soos deur die Algemene Sinode goedgekeur, binne KZN se unieke omstandighede te implementeer.

Goedgekeur soos geamendeer.

Prof. Malan Nel van die Teologiese Fakulteit in Pretoria spreek die vergadering toe oor die belang van die A-Z Beleid vir Predikantsbediening.

#### 7. EFFEK VAN RASIONALISASIE EN REGSTELLEDE AKSIE IN GEMEENTES EN HUISGESINNE

(Verslag SBK, Punt 5.11, bl 87-88)



**7.1 (5.11.5) Aanbeveling:** Die Sinode versoek die KZN CMD om predikante en lidmate te bemagtig met traumaberadingskursusse. Hierdie kursusse moet die hele spektrum van verskillende trauma-situasies dek.

Goedgekeur.

Die SRK word versoek om in die toekoms die huidige bepaling in die agenda te laat druk en daarna die voorgestelde wysiging, aangesien die huidige reëling dit vir sommige afgevaardigdes moeilik maak om sinvol voor te berei.

Goedgekeur.

## 8. KATEGESE

(Verslag SBK, Punt 5.15, BI 96)

**8.1 (5.15.4) Aanbeveling:** Die Sinode versoek die Sinodale kantoor om 'n databasis van netwerkinligting vir jeugbediening te ontwikkel.

Goedgekeur.

**8.2 (5.15.5) Aanbeveling:** Die Sinode versoek gemeentes om inligting en materiaal oor kategeese, jeugwerk en ander bedieningswerk in die algemeen, met onderskeiding te beoordeel.

Goedgekeur.

## 10.1 (7.1.3) Bepaling 7.1

**10.1.1 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering voeg 'n nuwe Bepaling 7.1.3 by:

**10.1.1.1** 'n Vakature bestaan nie vir 'n onbepaalde tyd nie. Indien die ring oordeel dat die gemeente in afsienbare tyd nie weer 'n leraar sal kan beroep nie (vgl Art 12.7.3), verval die vakature. Dit beteken nie dat die gemeente ophou bestaan nie.

Goedgekeur.

## 9. KZN CMD – DIAKONAAT

(Verslag SBK, Punt 6.5, BI 105)

**9.1 (6.5.8) Aanbeveling:** Die Sinode versoek die KZN CMD om, in samewerking met die betrokke gemeentelike en ringstrukture, 'n strategie uit te werk om die werksaamhede van die CMD en die gemeentelike diakonaat te integreer.

Goedgekeur.

## 10.2 (7.1.4) Bepaling 7.3.6

**10.2.1 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering voeg, as verwysing tussen hakies, by by Bepaling 7.3.6:

**10.2.1.1 (Vergelyk: Werkswyse en werksverdeling tussen die SRK en toesighoudende kommissies van die Sinodevergadering).**

Goedgekeur.

**9.2 (6.5.9) Gespreksvraag 5:** Hoe integreer ons die werksaamhede van die CMD en die gemeentelike diakonaat met mekaar?

## 10.3 (7.1.5) Bepaling 7.5.1

**10.3.1 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering besluit dat Bepaling 7.5.1 verval. Die numerering van die res van die Bepaling word dienooreenkomstig gewysig.

Goedgekeur.

## 10. BEPALINGE LÊER

(Verslag SRK, Punt 7.1, BI 124-129)

**Voorstel 3:**  
Voorsteller: PA Swanepoel  
Sekondant: MJ Heaney



#### 10.4 (7.1.6) Bepaling 8.1

10.4.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering wysig Bepaling 8.1 om te lees:

10.4.1.1 8.1.1 Die voorskrifte vir die bevestiging van 'n leraar in Artikel 8 in die Kerkorde is van toepassing.

10.4.1.2 8.1.2 Die bevestiging as leraar van die gemeente word behartig deur die voorsitter van die kerkraad indien 'n leraar, of met goedkeuring van die kerkraad, deur 'n ander leraar van die kerkverband, nadat toestemming tot bevestiging namens die ring verleen is.

10.4.1.3 8.1.3 Toestemming tot bevestiging word deur 'n lid van die ringskommissie verleen nadat hy die volgende stukke in orde bevind het:

10.4.1.3.1 Die beroepsbrief;

10.4.1.3.2 skriftelike aanname van die beroep;

10.4.1.3.3 die Akte van Demissie of getuigskrif in geval van predikante en proponente in tydelike diens (vgl. Art 8.1 en 8.2);

10.4.1.3.4 die Akte van Legitimasië in geval van proponente (vgl. KO Art. 8.1.3.1);

10.4.1.3.5 'n sertifikaat van die betrokke pensioenfonds dat die beroepene se persoonlike bydraes tot die pensioen op datum is of dat bevredigende reëlings getref is om agterstallige bydraes te vereffen.

10.4.1.4 8.1.4 Die bevestiging moet geskied binne een maand na demissie uit die vorige gemeente of, in geval van proponente, na die aanname van die beroep, tensy die ringskommissie, met instemming van die beroepende kerkraad, verlof tot uitstel verleen, en wel tot 'n maksimum van drie maande na demissie uit die vorige werkkring of, in geval van 'n proponent, nadat die beroep aangeneem is (vgl. Bep. 13.1.4).

10.4.1.5 8.1.5 Die voorsitter van die beroepende vergadering gee betyds in die amptelike orgaan kennis

van die bevestiging en, waar van toepassing, van handoplegging, en roep die predikante in ringsverband daartoe op. Enige persoon wat die bevoegdheid van predikant in die NG Kerkfamilie beklee, mag aan die handoplegging deelneem.

10.4.1.6 8.1.6 'n Leraar wat beroep is deur kerkrade in kombinasie, word slegs eenmaal bevestig en wel in die gemeente waar hy gaan woon (vgl. Bep. 7.3.5).

10.4.1.7 8.1.7 Vir bevestiging van 'n leraar vir diens in ander kerke van die NG Kerkfamilie geld die beginsel dat die liggaam wat beroep, die bevestiging behartig (vgl. Bep. 7.3.5).

Goedgekeur.

#### 10.5 (7.1.7) Bepaling 8.2

10.5.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap by Bepaling 8.2.1 "bullet" 4 die verwysing KO Art 8.2.3.

Goedgekeur.

10.5.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepaling 8.2.2

Goedgekeur.

#### 10.6 (7.1.8) Bepaling 11.1

10.6.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepalinge 11.1.1 en 11.1.2. Hernommer die res.

Goedgekeur.

#### 10.7 (7.1.9) Bepaling 13.1

10.7.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering voeg 'n nuwe Bepaling 13.1.3 in en pas verdere numerering dienooreenkomstig aan:

10.7.1.1 13.1.3 Termynbepaalde kontrakpos (Vgl Besluite by Art 11):

10.7.1.2 13.1.3.1 Predikante in 'n termynbepaalde kontrakpos word vergoed ooreenkomstig sy/haar



diensooreenkoms met die beroepende vergadering.

10.7.1.3 13.1.3.2 Predikante in 'n termynbepaalde pos is vir sy/haar eie pensioen- en mediesefonds verantwoordelik. Die beroepende vergadering sien toe dat voldoende voorsiening gemaak word om die leraar in staat te stel om sy eie pensioen en mediesefonds te verseker.

10.7.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap "(deeltydse leraars)" by die nuwe Bepaling 13.1.4 (huidige bepaling 13.1.3).

Goedgekeur.

### 10.8 (7.1.10) Bepaling 13.2.2

10.8.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering voeg in na "tentmakerbediening" en voor "ontvang": "en in 'n termynbepaalde kontrakpos".

Goedgekeur.

### 10.9 (7.1.11) Bepaling 13.3

10.9.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepaling 13.3.

Goedgekeur.

### 10.10 (7.1.12) Bepaling 15.1

10.10.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bep 15.1 in totaal. Hernumereer die res van Bepaling 15.

Goedgekeur.

### 10.11 (7.1.13) (Huidige) Bepaling 15.5

10.11.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering vervang Bep 15.5 in sy geheel met die volgende: "15.5.1 Elke kerkraad bepaal self, na gelang van eie omstandighede, die dienstermyn van ouderlinge en diakens."

Goedgekeur.

### 10.12 (7.1.13.2) Gespreksvraag

10.12.1 Gespreksvraag: Die Kerkorde van die Algemene Sinode (KO Art 15.2) bepaal dat daar 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens kan wees. Wat is julle mening: Behoort hierdie artikel te bly of geskrap te word?

### 10.13 (7.1.14) Bepaling 27.1.1

10.13.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering plaas 'n verdere verwysing, tussen hakies, aan die einde van die Bepaling: (Vir Kerkraadsamestelling verwys KO Art 26).

Goedgekeur.

### 10.14 (7.1.15) Bepaling 28.1.1

10.14.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap die term "skriftelik" voor "kennisgewing van minstens tien dae voor...".

Goedgekeur.

### 10.15 (7.1.16) Bepaling 28.5.2.3

10.15.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering verander Bep 28.5.2.3 om te lees: uitbetalings word slegs per tjek of internetbankdienste, wat voorsiening maak vir magtiging deur ten minste twee (kerkraad goedgekeurde) persone, gedoen.

Goedgekeur soos gewysig.

### 10.16 (7.1.17) Bepaling 28.6

10.16.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering verander Bepaling 28.6 om te lees:

10.16.1.1 Bepaling 28.6 – BEDIENINGE

10.16.1.1.1 28.6.1 Kerkrade organiseer en struktureer die bediening van



die gemeente op sodanige manier dat die volle spektrum van die kerk se bediening in fokus bly en dat daar goeie kommunikasie is tussen die verskeie aspekte van die bediening in en deur die gemeente en dié van die kerkverband.

Goedgekeur.

### 10.17 (7.1.18) Bepaling 28.7.3

10.17.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepaling 28.7.3 en hernoem die res.

Goedgekeur.

### 10.18 (7.1.19) Bepaling 30.2

10.18.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap 30.2.1 en 30.2.2 en hernoem die res. Voeg voetnota by 30.2.2 in by 33.1.2 of vgl 7.1.3.

Goedgekeur.

### 10.19 (7.1.20) Bepaling 30.2.3 en 33.1.3

10.19.1 Aanbeveling: Voeg 'n nuwe Bep 30.2.3 in: "In die geval van geen leraarspos het die gemeente die reg om twee ouderlinge/diakens af te vaardig." Pas nummering daarna aan.

10.19.2 Voeg 'n nuwe Bep 33.1.3 in wat lees: "In die geval van geen leraarspos het die gemeente die reg om twee ouderlinge/diakens af te vaardig." Pas nummering daarna aan.

Nie goedgekeur nie.

Die Sinode besluit om:

- 1) kennis te neem van die advies van die ATR;
- 2) kennis te neem van aanbeveling 10.19.1 en 10.19.2 en verwys die aanbevelings na die ATR met die oog op moontlike wysiging van die bepalings.

Goedgekeur.

### 10.20 (7.1.21) Bepaling 31.9

10.20.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepaling 31.9.

Nie goedgekeur nie.

### 10.21 (7.1.22) Bepaling 31.10

10.21.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepaling 31.10.1 en Bepaling 31.10.4. Hernoem die ander.

Nie goedgekeur nie (T.4.1).

### 10.22 (7.1.23) Bepaling 31.11

10.22.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepaling 31.11.

Goedgekeur.

### 10.23 (7.1.24) Bepaling 34.1.5

10.23.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering vervang Bep 34.1.5 met "Gemeentes word versoek om die Sinodevergadering in gebed aan die Here op te dra, veral die Sondag voor die vergadering."

Goedgekeur.

### 10.24 (7.1.25) Bepaling 37.5.6

10.24.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering verander die benaming na Algemene Taakspan Regte.

Goedgekeur.

### 10.25 (7.1.26) Bepaling 50.4.2 en 50.4.3

10.25.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering skrap Bepaling 50.4.2 en 50.4.3.

Goedgekeur.



**10.26 (7.1.27) Bepaling 50.9.1 – 50.9.2.5**

**10.26.1 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering skrap Bepaling 50.9.1 – 50.9.2.5.  
Goedgekeur.

**10.27 (7.1.28) Bepaling 56.1**

**10.27.1 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering herskryf Bepaling 56.1.1 om te lees: – Kerkraad, ring en sinode gee uitdrukking aan Art 56 op 'n wyse wat hulle huishoudelike situasie die beste dien.

Goedgekeur.

**10.27.2 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering skrap 56.1.1.1 - 56.1.2

Goedgekeur.

**10.28 (7.1.29) Bepaling 57.5**

**10.28.1 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering vervang Bep 57.5 met: "Die ring besluit hoe stoflike sake (eiendom, finansiële en argief) hanteer word."

Goedgekeur.

**10.29 (7.1.30) Bepaling 65.1**

**10.29.1 Aanbeveling:** Die Sinodevergadering skrap Bep 65.1.

Goedgekeur.

**10.30 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGSKOMMISSIE**

**10.30.1 Bepaling 37.8**

Tydlike Verslag Regskommis­sie (T.4.1):

**1.1.1 Aanbeveling:**  
Die Sinodevergadering besluit om Bepaling 37.8 te verander om te lees:

**Bepaling 37.8 – PERMANENTE BEDIENINGSPANNE VAN DIE SINODE**

